**KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG**

**WOLWEDANSDAM dagstap**

**11 JULIE 2026**

Wanneer ʼn mens inligting oor ʼn staproete op die Internet lees, moet ʼn mens dit krities lees om die waarde en volledigheid daarvan te probeer bepaal. ʼn Paar basiese vrae kan daarmee help. Wie het die inligting saamgestel – ʼn munisipale amptenaar, ʼn voetslaner, ʼn landloopatleet? Hoe is die afstand gemeet? Word inligting oor die tipe terrein gegee, en hoeveel besonderhede word gegee? Strook die afstand met tyd wat genoem word om die stap te voltooi (teen ʼn gemiddeld van min of meer 2 km per uur)? Wat word nie genoem nie? Ensovoorts – baie ander vrae kan gevra word.

Inligting op die Internet noem dat dit omtrent 2 ure duur om die sowat 6.4 km na die Wolwedansdamwal en terug te doen. Die werklikheid: Ons groep van 10 het byna **5 ure** geneem om die sowat **9 km** te voltooi – dit is nou as jy dit rustig en ontspanne doen soos wat dit veronderstel is om met so ʼn aktiwiteit te wees. Nog iets wat nie in die inligting genoem word nie, is dat ʼn mens op die laaste twee kilometer dikwels oor baie gladde, mosbegroeide klippe en klipbanke beweeg waar jy baie versigtig moet trap om nie te gly en te val nie – moontlik as gevolg van die onlangse baie reën, en ʼn herinnering aan die veranderende aard van die natuur oor tyd. Tot my spyt het ek nie my stapstok saamgeneem nie, want dit sou mos ʼn "maklike" stap wees – ʼn strategiese fout wat ek nie weer sal maak nie.



***Vlnr agter:*** *Stephanie Koegelenberg, Marina Kühn, Elsa van Ginkel, Annelies Fourie, Colin Young, Lara Bacon, Makayla Bacon, Danie Steyl.* ***Voor:*** *Nicky Roux en Susan du Plessis*

Soos jy op die foto kan sien, was almal heeltemal gelukkig en in ʼn goeie luim toe ons skuins na nege voor die munisipale gebou in Charlesstraat bymekaargekom het om die sowat 4.5 km na die damwal toe aan te pak. Hoewel dit ietwat bewolk was, was dit nie koud nie en eintlik ideale weer om in te stap.

Van die munisipale kantoor af stap ’n mens dan noordwaarts in Charlesstraat en hou dan links verby die plek waar die teerpad skuins begin op loop (tussen Marina en Elsa se gesigte links bo op die foto), dan deur ’n hek en met die voetpaadjie langs, wat letterlik in die voor loop wat destyds as ’n watervoor gebruik is om water na die dorp toe te bring. Die omgewing langs die rivier is baie mooi met inheemse bos, en ons was gelukkig om ’n paar loeries en eende te sien.



*Voetpad in die ou watervoor*

Nog ’n les wat ’n mens op ’n staptoer leer is om nie pyle wat op los klippe geverf is, te vertrou nie. Op ’n plek het ons by so ’n pyl gekom en links van die paadjie afgedraai na die rivier toe, waar ons deur die rivier is, ons vasgeloop het, terug deur die rivier is en toe verder op die watervoor-voetpad verder gestap het. Die verkeerde afdraai was nogal die moeite werd, omdat dit mooi tonele van die omgewing gebied het. In die voetpad het ek die klip met die pyl reg gedraai – iemand anders kan hom nou weer gaan verkeerd draai.



*Mooi tonele by die keerwal onder in die rivier ná die verkeerde afdraai.*

’n Mens volg die watervoor-paadjie vir sowat twee kilometer tot waar opdrifsels dit toegespoel het en jy moet probeer om op klippe langs deur die rivier te gaan. Almal se skoene het maar ’n bietjie of baie nat geword op hierdie stap!

Die paadjie is nie baie goed gemerk nie, en ons moes mooi kyk om die verweerde geel pyle op die mosbegroeide klippe te sien en om darem min of meer die “regte” pad te volg. Op dele van die paadjie langs die rivierbedding het bome as gevolg van vloede oor die paadjie omgeval en moet ’n mens maar bo-oor of onderdeur kruip. Dit maak jou intens bewus van jou ouderdom en fisieke toestand!

Op hierdie paadjies kan jy sien hoe effektief dit is om ’n boom dood te maak deur die bas van die boom vir ’n meter van die grond af weg te vat. Dit is met baie van die wattlebome in die omgewing

gedoen, en hulle het almal gevrek. Interessante plante en blomme langs die pad vergoed darem ook vir die chaos wat vloede veroorsaak het.




*Fyn trap deur die rivier en kruip onderdeur boomstompe*

Die klipbanke onderkant die damwal is seepglad en ons moes versigtig beweeg om verby die keerwal tot by die houttrappies (maklik 500 van hulle) te kom om van daar af tot by die uitkykpunt te kom. Die damwal (70 m hoog vanaf sy laagste punt) is nogal indrukwekkend, en vanaf die uitkykpunt het 'n mens 'n pragtige uitsig oor die dam.




*Die indrukwekkende damwal en gladde houttrappies na die uitkykpunt toe*




*Die Wolwedansdam en die groep op die trappies by die uitkykpunt*

Almal het veilig en tevrede teruggekeer, en ons sien uit na die volgende stap!

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**